# DIE KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

**SAKE VIR GEBED:**

Vandag begin IDOP (International Days of Prayer for the persecuted Church). Miljoene mense wêreldwyd bid saam vir Christene in vervolging. Ons bid dat ons boeties en sussies sterk sal bly staan in hulle geloof en getuienis, veral wanneer hulle intense druk ervaar, omdat hulle volgelinge van Jesus is.

**Bid saam met die Bybelgenootskap: 5 - 11 Nov**

**Guatemala:** Bid vir geweldslagoffers in ons land, dat hulle interaksie met die Bybel tot hul genesing sal bydra. Bid ook vir Bybelvertalingsprojekte in Guatemala want daar is nog baie mense wat wag op die Bybel in hul moedertaal. Bid vir ons *Lig van Hoop*-projek om Braillebybels beskikbaar te stel.
**Honduras:** Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om meer Bybels in hierdie land te versprei, veral onder ons jeug. Bid vir ons projek om met die hulp van die Bybel gesinsgeweld aan te spreek. Bid vir ons personeel en ons Raad.
**El Salvador:** Bid vir geleenthede vir Bybelverspreiding. Bid dat die inwoners ontvanklik vir die Bybelse boodskap sal wees.
**Suriname:** Bid vir die vertaling van die Bybel in Surinaams Javaans. Bid vir ons verskillende projekte om veral kinders met die Bybel te bereik. Bid ook vir ons projek om gesinsgeweld aan te spreek. Bid ook vir Bybelwerk in Guyana en Frans-Guiana.

Kleinskool Initiative
Kersfees

Dis weer Kersfees en ons vra oudergewoonte weer groot asseblief vir "cup cakes"! Ons kerspartytjie is vanjaar op 8 Desember. As u nie "cupcakes" kan bak nie, vra ons vir 'n donasie wat by die kerkkantoor voor of op 24 November kan ingehandig word. Donasies van tjips en lekkers is ook welkom. Om ons beplanning eenvoudiger te maak sal ons dit waardeer as u ons kan laat weet of u gaan bak en hoeveel u gaan skenk. U kan net u naam en hoeveelheid by die kerkkantoor ingee of Elizma Harmse (0839405617) , Elna Thiart ( 0836621774), Johan Harmse (0825588107) of Margita Marx ( 0823374336) skakel.

Elna Thiart pak oudergewoonte 'n geskenkpakkie vir elk van die ses werkers by Kleinskool. Donasies vir hulle sal ook welkom wees.

Harvest kerk en 'n groep NMU administratiewe personeel is besig om "Santa shoeboxes" te beplan en pak. As daar selgroepe of gemeentelede is wat ook geskenkies wil gee , kan u Johan Harmse of Elizma Harmse kontak.

Fondsinsameling

Op 2 en 3 Desember ( Saterdag en Sondag) hou ons ons laaste fonds insameling vir die jaar in die Savoy teater. Dit is 'n Spaanse dans vertoning, en behoort 'n aand en middag van groot genot te wees. Ons sal later meer besonderhede deurgee. Volgende jaar in Maart hou ons weer Maart malligheid gemeente konsert. Begin solank beplan!

By voorbaat baie dankie vir u ondersteuning. Kraggakamma staan in Kleinskool al bekend as die "cup cake kerk" en ek weet ons sal hierdie jaar weer honderde hartjies bly maak.
Dankie, Margita Marx

# SONDAG 5 NOVEMBER 2017

**09:00** Gesamentlike nagmaal in saal
**Geen kategese**

**Die dankoffer by die deure gaan vir Gospel for Asia**

**Geen teebeurt vlg naweek as gevolg van nagmaal**
**Teebeurt 12 November:** Pronkertjie-sel

**MAANDAG 6 NOVEMBER**

**12:45-14:00 Gebedskild in gebedskamer.**
Alle bidders is welkom by hierdie geleentheid. Gelowige gebed verander die wêreld.

**DINSDAG 7 NOVEMBER**

**19:00** Leef@kerk.

**Bid vir almal wat eksamen skryf. Bid vir die matrieks wat eindeksamen skryf: Ruan Botha, Lucian Coetzee, Stacy Frazenburg, Frans Krause, Izel Lambrechts, Paul-Leon Lourens, Karla Müller, Leah Nel, Shaun Oosthuizen, Jane Theron, Ansunel van Rooyen, Janré Viljoen en Nicole Westraad.**

**VRYDAG 3 NOVEMBER MANNE BYEENKOMS**

**05:00** Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

**15 NOVEMBER - FONTEINVRIENDE**

Op Woensdag 12:30 vir 13:00 is dit die afsluiting kersete by die Humewood hotel.
**Ons benodig asb al die name teen 5 November vir bespreking.**
(Kontak die kerkkantoor by 041-3601484)

**KERSSANGDIENS, KATEGESE AFSLUITING EN GEMEENTE BRAAI**

Op Sondag 19 November is die gesamentlike kerssangdiens in die saal. Die kategese afsluiting vind ook op die Sondag plaas. Ons nooi almal uit na 'n heerlike bring en braai vanaf 12:00 by die kerkgebou. Roosters en kole sal voorsien word.

**MTR SMIT BRING EN BRAAI**

Ons reël vir Huis 8 MTR dogters 'n afsluitingsbraai op 12 November na kerk in die ruimte by die kombuis.
Almal wat betrokke was hierdie jaar is welkom om saam met ons te kom bring en braai. Ons sal vir Huis 8 voorsien.
Laat weet asb vir Linda 082 804 4396 of Louisa 082 939 7331 wie gaan kom.

**URBAN CONNECT STUDENTEKAMP**

**WELKOM BY DIE BESTE TYD VAN JOU LEWE!**

Kom skop hierdie opwindende tyd van jou lewe af met sekerlik die LEKKERSTE kamp waarop jy nog ooit was!
Die studentekamp is die plek om mense te ontmoet wat gaan bydra om die volgende jaar die beste tyd van jou lewe te maak! Hier gaan dit LEKKER!

**WANNEER:** 29 Januarie tot 1 Februarie 2018

**WAAR:** ACVV Marine Drive Youth Centre PE

**TEMA:** Urban Connect

**BETALING:** R799 as jy voor of op0 31 Desember 2017 betaal (Dit dek alles, insluitend verblyf, alle etes en aktiwiteite).
Vir meer inligting, kontak Helene by sel (073 891 6561).

**RICHARD BLACKABY**

Richard Blackaby, outeur van die bekende Beleef God materiaal, tree op 15-16 November in PE op.
Sy tema is: "Beleef God" en "Nuwe Generasie Leier". Kontak Chantall Vermaak tydens kantoorure by 041-3653159.

**ANCHOR OF HOPE GEMEENTE SE GEMEENSKAPONTWIKKELING**

Anchor of Hope Community Development (AoHCD) is 'n nie-winsgewende organisasie wat betrokke is by gemeenskapontwikkeling, hoofsaaklik in die middestad van Port Elizabeth. Dit is veral vir die ASC-program (Amended Senior Certificate) waar hul 'n behoefte het aan gekwalifiseerde onderwysers in vakke soos Wiskunde en Wetenskap. Indien jy voel dat jy op een of ander wyse 'n bydrae tot AoHCD kan maak, is jy welkom om ons te kontak by: Paul Stoltz: Programbestuurder: Sel(083 705 5015). Epos: manager@anchorofhope.org.za.
Besoek gerus hul webwerf by www.anchorofhope.org.za.

**BERADING BESKIKBAAR**

Berading is vir vele 'n onbekostigbare diens. Bloot om die rede bied ek al vir die afgelope 11 jaar 'n beradingsdiens aan vir die gemeenskap (ongeag hulle geloof) teen 'n billike tarief. Ek is voltyds berader in die SAPS en daarom is my diens vir die gemeenskap slegs na-ure beskikbaar. My belangstellingsveld is trauma, die hantering van trauma en lewens-krisisse. Ek geniet dit om mense te lei na beter funksionerende verhoudings – verhoudings tussen man en vrou en familie verhoudings.
Vanaf Oktober 2017 begin 'n opwindende nuwe hoofstuk wanneer ek my diens vanaf die NG Kerk Kraggakamma sal aanbied. Ek is geregistreer by die HPCSA en die BHF.
My kontak nommmer is 073 664 8949. Stuur gerus 'n teks boodskap of skakel my.
Ellenette Meiring.

**VERBETERINGE AAN DIE KERKKOMPLEKS**

'n Groen inligtingstuk oor verbeteringe aan die kerkkompleks is in die voorportaal beskikbaar.

**TANDEM EREDIENSTE**

Ons dien God, mekaar en die wêreld. Daarom is dit belangrik dat, sover moontlik, almal in die gemeente deel sal wees van besluite wat geneem word. Alle kerkraadsnotules en finansiële state is, na goedkeuring, ter insae vir enige gemeentelid by die kerkkantoor beskikbaar.
Dit is duidelik dat fase 1 se verbetering aan die kerkgebou nog nie teen die begin van volgende jaar gereed sal wees nie. Tans word daar in die onderskeie eredienste elke Sondag oor dieselfde Skrifgedeelte gepreek, maar die preke verskil baie van mekaar. Vir meer effektiewe bediening tot geestelike verdieping van die hele gemeente is dit vir ons baie belangrik dat die gemeente sal saamreis uit die Woord. Dit is ook vir ons belangrik om, soos tans, ruimte te maak vir verskillende spiritualiteite. Daarom het die dagbestuur op hulle vergadering op Woensdag 25 Oktober 2017 die volgende voorstel vir 2018 goedgekeur:
Op Sondae waar daar 2 eredienste is, vind die eietydse diens om 08:30 in die saal plaas totdat die kerkgebou gereed is. Kleuterkerk is ook om 08:30. Die klassieke diens vind om 10:00 in die kerkgebou plaas. Kategese is ook om 10:00. In die vakansie, oor langnaweke, by nagmaal en belydenisaflegging vind, soos tans, een erediens om 09:00 plaas. Dit sal beteken dat een dominee op 'n Sondag altwee eredienste kan lei.
Ons sal graag u reaksie hierop wil hoor. Kontak asb enige dominee of die kerkkantoor.
Die kerkraad sal op 22 November die finale besluit hieroor neem.

**There4-Bedieninge Reis:**

Gerrit, Janine en hulle seun Theunis besoek in Desember van There4-Bedieninge se vennote en spanlede in Egipte en Jordanië. Die doel van die reis is om leiers te bemoedig en beplanning te doen vir dissipelskapopleiding, geestelike groei kursusse en bemoedigingstoere in beide lande vir 2018 . Theunis sal spesifiek kinders en jongmense bemoedig en glimlagte op hulle gesigte bring deur saam met hulle te speel, te lag en te gesels en na hulle harte te luister; dit wat hulle bekommer, maar ook hoe Jesus vir hulle hoop bring te midde van felle vervolging. **Hulle benodig die volgende items vir hulle reis:** Tennisballe, rek vir springspeletjies, springtoue, handeroom, sjokolade wat in boksies verpak is, ballonne, groot pakke lekkers, moerkoffie, 10 klein geskenksakkies, 10 Suid-Afrikaanse of PE-poskaarte en donasies om Bybels vir nuwe bekeerlinge in beide lande te borg (1 Bybel kos R150-00). Kontak Janine by 0713646318 as jy kan help of kontak die kerkkantoor. Items moet There4-Bedieninge voor die 27ste November bereik. As jy dag vir dag wil saamreis op jou knieë, kontak Janine en sy sal sorg dat jy die gebedspunte ontvang.

**THERE4 THEM- GELEENTHEID**

There4-Bedieninge nooi jou uit na 'n interaktiewe geleentheid op IDOP (Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk) Sondag 12 November. Ontmoet via Skype ons span in Pakistan; bemoedig ons vennote in Egipte deur woorde van bemoediging op kussingslope vir hulle kantoor te skryf; fokus vir 'n oomblik op ons familie in Irak en kyk na beeldmateriaal van hoe ons vennote duisende Nuwe Testamente na Noord-Korea stuur. Moenie die geleentheid misloop nie.

**Datum: 12 November 2017**

**Tyd: 17:45-19:00**

**Plek: Sunridge Village Parkeerarea**

**RSVP: 071 364 6318 of** support@there4ministries.org

**Ons gaan 'n paar meter na verskillende plekke loop, maar diegene wat nie ongelyke terrein loop nie, sal aanwysings kry waarheen om te ry.**

SnapScan

Gebruik SnapScan en betaal jou